# INHOUDSOPGAWE


**VOORWOORD TOT DIE 2005 UITGAWE** ........................................................5

**VOORWOORD TOT DIE 2025 UITGAWE** ........................................................6

**VAN PRETORIA NA KOMATIPOORT** ........................................................7

*Vertrek uit Pretoria* ........................................................7

Fig 1: Detail uit 'n kaart van 1899, wat die Oosterlyn aantoon ........................8
Fig 2: President and Mev SJP Kruger ........................................................9
Fig 3: President SJP Kruger in sy salon-spoorwa te Machadodorp ........................10
Fig 4: Machadodorp teen ca. 1900........................................................11

*Machadodorp as regeringsete l* ........................................................11

Fig 5: Die regeringstrein op die stasie van Machadodorp........................12
Fig 6: Die Jeru-Salem-warmbron net buite Machadodorp ........................12
Fig 7: President Kruger op die stoep van sy tydelike woning Krugerhof................14
Fig 8: Krugerhof ........................................................15

*Nelspruit word die regeringsetel* ........................................................17

Fig 9: TWL Steinmetz, ingenieur en hoof van verkeer van die NZASM ...............21

**OP PORTUGESE GRONDGEBIED** ........................................................23

*Treinreis na Lourenço Marques* ........................................................23

Fig 10: Die spoorwegstasie Ressano Garcia, ca. 1901 ........................24
Fig 11: Die nuwe spoorwegstasie aan die Praca MacMahon ........................25
Fig 12: Gerard Pott, die Konsul-generaal van Nederland, ZAR en OVS ................26

*Rol van die Britse konsulaat in Lourenço Marques* ........................................27

Fig 13: Die woning van die Britse Konsul-generaal ........................................27
Fig 14: 'n Spotprent uit die *Amsterdamsche Courant* van 18 Mei 1900 ..................28

*Die President se verblyf in die Goewerneurswoning* ........................................30

Fig 15: Joaquim José Machado ........................................................30
Fig 16: Alvaro Antonio da Costa Ferreira ........................................................31
Fig 17: Manuel Rafael Gorjão........................................................33
Fig 18: Antonio José Machado ........................................................35
Fig 19: President Kruger op die stoep van die Goewerneurswoning ......................36
Fig 20: HC Bredell lees uit die koerant aan president Kruger voor........................37

Fig 21: Die hawestadjie Lourenço Marques ....38
Fig 22: Woning van die Goewerneur-genl. van Mosambiek te Ponta Vermelha ....38
Fig 23. Die woning van die Goewerneur van die distrik Lourenço Marques ....39
Fig 24: José Francisco da Rosa ....40
Fig 25: António Eduardo Augusto Villaca ....41
Fig 26: President Kruger op die stoep van die Goewerneurswoning ....43
Fig 27: President Kruger, 'n eensame figuur ....44
Fig 28: Carlos Roma Machado de Faria e Maia ....45
Fig 29: Sommige van die Boere-geïnterneerdes in 'n tentkamp by Rubens Point ....46
Fig 30: Tekening van die Boerelaer naby die brug by Komatipoort ....48
Fig 31: President Kruger, H.C. Bredell en dr. G.M.A. Heymans ....51
Fig 32: Gezina Suzanna Frederika Wilhelmina Kruger ....54

*Vertrek na Europa aan boord die Gelderland* ....54

Fig 33: Die Gelderland ....57
Fig 34: President Kruger en sy gevolg ....59
Fig 35: Boeregeïnterneerdes in 'n seilboot sien president Kruger af ....60
Fig 36: Die silhouët van die bonkige president Kruger op die Gelderland ....61
Fig 37: Die President saam met die offisiere van die Gelderland ....62

**NAWOORD** ....64

Fig 38: President Kruger in sy ampsgewaad ....65
Fig 39: Foto van president Kruger in November 1900 in Parys, Frankryk ....67

**BRONNELYS** ....68

*ARGIVALE BRONNE* ....68

*ARTIKELS* ....69

*BOEKE* ....69

*PERSOONLIKE MEDEDELINGS* ....73

**INDEKS** ....74

# VOORWOORD TOT DIE 2005 UITGAWE

OP 11 September 1900 het president S.J.P. Kruger die grens na Mosambiek oorgesteek en vir ietwat meer as 'n maand in die Goewerneurswoning in Lourenço Marques deurgebring, voordat hy op 19 Oktober 1900 onderweg na Europa aan boord van die *Gelderland* gegaan het. Die President se ballingskap het dus op Portugese grondgebied begin, maar om een of ander rede is in die verlede weinig aandag aan hierdie tydperk in sy lewe gegee. Die talle biografiese studies oor Kruger en publikasies wat oor hierdie fase van die Anglo-Boere-oorlog handel, skeer gewoonlik vlugtig heen oor die aanloop tot en aanvangsfase van sy ballingskap, terwyl sy verblyf in Europa reeds deeglik nagevors en beskryf is.

Verskeie historici en skrywers het hulle in die verlede skerp uitgelaat oor die slegte behandeling wat president Kruger tydens sy verblyf gedurende September-Oktober 1900 in Lourenço Marques van die Portugese owerheid aldaar ontvang het. Volgens hulle is hy "feitlik soos 'n gevangene", "soos 'n gevangene" of "soos 'n krygsgevangene" behandel of was hy "feitlik onder huisarres". Die "gevangenskap" van die President het byna 'n refrein geword wanneer na sy verblyf in Lourenço Marques verwys word en het waarskynlik sy oorsprong in die gedenkskrifte van Paul Kruger gehad waar staan: "Kruger was feitlik 'n gevangene in die huis van die goewerneur".[1]

Onberispelik was die Portugese se optrede teenoor die President sekerlik nie, maar van openlike vyandigheid en 'n gebrek aan empatie was ook geen sprake nie. Portugese publikasies en dokumente in Portugese argiewe toon trouens aan dat van Portugese kant – en veral van die Portugese owerheid en amptenare in Lourenço Marques – 'n besonder simpatieke houding jeens Kruger bestaan het en dat hy "soos 'n gevangene" behandel is, om ander redes as wat gewoonlik aangevoer word.

Wat hierna volg, is 'n poging om president Kruger se lotgevalle tydens sy ooswaartse uitwyking voor die Britse magte en sy verblyf in Lourenço Marques te rekonstrueer en die Portugese se optrede teenoor hom te verklaar.

In Lissabon was die personeel van die Arquivo Central da Marinha, die Arquivo Histórico Militar en die Arquivo Histórico Ultramarino uiters behulpsaam tydens my navorsing aldaar. In Pretoria het die hulp van Anneke Lugtenburg en Jaco Schoonraad van die Kruger Museum en die personeel van die Transvaalse Argiefbewaarplek my navorsing aansienlik vergemaklik. My opregte dank aan Jan van der Mey wat sy kennis van die *Gelderland* met my gedeel het, Cecile Jooste wat aan my inligting oor Kruger se verblyf op Machadodorp gegee het, Marius Bakkes wat vir my foto's op Machadodorp en Waterval-Onder gaan neem het, Louis Changuion in wie se uitgebreide private biblioteek ek op Haenertsburg

[1] Vgl. HC Bredell & P Grobler, *Gedenkskrifte van Paul Kruger,* p 178. Die oorspronklike Nederlandse uitgawe van hierdie publikasie, *Gedenkschriften van Paul Kruger,* het in 1902 in Amsterdam verskyn.

navorsing gedoen het, David Botes wat die taalkundige versorging behartig het, Cecilia Kruger wat die vertaling in Engels gedoen het, Jannie Kruger vir die kontrolering van die Engelse vertaling en Schalk le Roux wat vir die omslagontwerp en bladuitleg van die figure verantwoordelik was.

**OJO Ferreira**
**Jeffreysbaai**
**Desember 2005**

## VOORWOORD TOT DIE 2025 UITGAWE

Sedert die oorspronklike publikasie van hierdie boek het nuwe fotos beskikbaar geword, sommige waarvan nou in hierdie uitgawe opgeneem is. In hierdie verband is spesiale dank weereens aan die Arquivo Central da Marinha, die Arquivo Histórico Militar en die Arquivo Histórico Ultramarino verskuldig.

Ons het ook van die geleentheid gebruik gemaak om met hierdie elektroniese en opgedateerde uitgawe 'n klein aantal regstellings te maak asook bladuitleg veranderings aan te bring.

**CP Pretorius**
**Melbourne**
**Januarie 2025**